Let's Get to Work!

And start saving our **thirsty** world

Circle this date!

10 / 10 / 10
10 OKTOBER 2010

Dit is **Wêreldaksiedag teen** Klimaatsverandering! Sluit aan by die Suid-Afrikaanse maatskappye JoJo Tanks, Omnibus Engineering en DOH Hardeware (Brits) wanneer hulle deel word van 1 700 veldtogte in 140 lande wêreldwyd wat op daardie dag iets ekogroot vir ons planeet gaan doen.

WATER IS 'N WÊRELDWYE PROBLEEM

Water is 'n kommerwekkende wêreldwye probleem vanweë groeiende bevolkings, ekonomiese groei en klimaatsverandering. Gegrond op die Verenigde Nasies se mediumtermyn-bevolkingsprojeksies, sal meer as 2,8 biljoen mense in 48 lande teen 2025 waterstres ondervind.

In Suid-Afrika lyk die prentjie geensins anders nie. Ons land staar beduidende wateruitdagings in die gesig. Plaaslike voorspellings stem ooreen met die internasionale voorspelling wat aandui dat die vraag na water in Suid-Afrika die aanbod teen 2025 sal oorskry, en dat Gauteng moontlik reeds teen 2013 en die Kaap teen 2015 'n watertekort kan ondervind. Dit is dus belangrik dat Suid-Afrikaners leer om meer te doen as om net water te verbruik; ons moet ook leer om beskermers van water te word.

Creating a green legacy for present & future generations begins and ends with **YOU!**

WAT IS DIE WÊRELDAKSIEDAG TEEN KLIMAATSVERANDERING?

Dit is 'n inisiatief van **350.org, 'n wêreldwye omgewingsbeweging** wat gewone mense in hulle gemeenskappe aan verskillende omgewingsprojekte wil laat saamwerk. 350.org verteenwoordig die syfer van 'partikels per miljoen – ppm' CO_2 in ons atmosfeer wat nodig is om 'n veiligheidsone vir lewe op hierdie planeet te waarborg. Indien die mensdom 'n planeet wil bewaar soortgelyk aan die een waarop ons beskawing ontwikkel het en waarby lewe op Aarde aangepas is, dui paleoklimatologiese bewyse en volgehoue klimaatsverandering daarop dat CO_2 van sy huidige 390 ppm tot hoogstens 350 ppm verlaag sal moet word.

DIE HARTEBEESPOORT/350.ORG AKSIEDAG TEEN KLIMAATSVERANDERING

Die Aksiedag op 10 Oktober begin om 15:00, by Meerhofskool met die installering van die eerste tenk en 'n kort demonstrasie om te wys hoe maklik so 'n installasie eintlik is. Hierna gaan Wiebke Holm-Mikula, 'n poppemeester, optree. En die tema? WATER, natuurlik. Sluit by ons aan en wys jy gee om – jou foto pronk dalk op 350.org se internasionale webwerf wanneer ons die gebeurtenis daar plaas.

the event
10/10/2010

WATER CONSERVATION IS A SHARED RESPONSIBILITY - JoJo Tanks

WATER VIR DIE GEMEENSKAP

JoJo Tanks gaan 10 x 5000Lt watertenks vir die oes van reënwater aan die 10 skole in die Hartebeespoort-gemeenskap skenk: Broederstroom Laerskool, Florapark; Doxa Deo Skool, Xanadu; Ennis Thabong-skool, Rietfontein; Frikkie Schmidt-skool, Skeerpoort; Generaal Hendrik Schoeman Laerskool, Schoemansville, Hoërskool Hartbeespoort, Schoemansville; Meerhofskool, Meerhof; Mountain Cottage School, Melodie; Pecanwood College en Re-Elwele School in Broederstroom.

"Deur hierdie 10 watertenks aan die skole van hierdie gemeenskap te skenk, sal ons watergebruiksgedrag by skole verander namate hulle waterwys word deur reën, hulle GRATIS waterbron, te oes vir gebruik in toilette, kombuise en skooltuine. Ons hoop hierdie skoolkinders sal die boodskap aan ouers en besighede in die streek oordra sodat die Hartebeespoort-gemeenskap 'n spilpunt van uitnemendheid kan word in die wedloop om water en ons aarde te bewaar."

JoJo Tanks se besturende direkteur, Rod Cairns.

KOOP 'N TENK – ONDERSTEUN 'N SKOOL

DOH Hardeware (Brits), 'n plaaslike hardeware en boumateriaalspesialis met takke in die groter Madibeng-streek, gaan 'n persentasie van die verkope van elke JoJo-tenk wat by hulle gekoop word aan 'n Watertenkfonds skenk om te verseker dat ons 10 skole in die streek nóg reënwatertenks kry! **Wat om te doen...Wys hierdie pamflet wanneer jy jou JoJotenk gaan koop en 'n skenking sal namens jou gemaak word. DOH Hardeware beloof ook om die beste pryse op tenks, geute en afvoerpype in Hartebeespoort te gee om huishoudings verder aan te moedig om tenks te installeer sodat reënwater geoes kan word.** Moenie hande in die lug gooi nie . . . **Doen iets10/10/10 is die wêreldwye vloedgolf wat deur gewone mense begin is om buitengewone resultate te behaal!**

GEMEENSKAPPE OP HULLE AGTERPOTE TEEN

Thea Holm van Omnibus Engineering, wat hierdie gebeurtenis saam met 18 ander 350.org-byeenkomste in Suid-Afrika aanvoer, sê: "Die sukses van hierdie gemeenskapsprojekte sal regerings regoor die wêreld goed laat verstaan dat mense oral op die aardbol reg staan om op te tree. Ons wil hê regerings moet begin optree deur wetgewing en praktyke vir groener tegnologieoplossings in te stel om 'n toekoms vir ons nageslagte te verseker."

JOU GROEN VENNOOT

Die vertroude bedryfsleier JoJo Tanks is daartoe verbind om openbare bewussyn van die dringende behoefte aan die oes van water aan te wakker om sodoende die las op munisipale water te verminder en ons watervoetspoor kleiner te maak. Reënwatertenks is goedkoop, verg min instandhouding, is maklik om te installeer, en kan gebruik word om ons GRATIS waterbron, reën, vir huishoudelike en kommersiële gebruik te oes.JoJo Tanks kom in verskillende kleure en groottes; van die stedelike kompakte 750Lt Slimline (ideaal vir klein stadstuine) tot die 20 000Lt vir landbou en kommersiële gebruik.

JOU SONVENNOOT

Met sy omvattende ervaring en ontwikkeling asook raadpleging van spesiaal uitgesoekte kundiges op die gebied van hernubare energie, het Omnibus Engineering ongetwyfeld sy stempel op die bedryf afgedruk. Hulle bied die volgende dienste aan:

Konsultasie, ontwerp en bestuur, Energie (beplanning en die gebruik van hernubare bronne), Water, Konstruksie en onderhoud, en Omgewingsopvoeding.

Deur te doen wat ons sê, is ons al amper 'n Koolstofneutrale besigheid. Deur projekte in ons gemeenskap tot voordeel van ons gemeenskap aan te pak, slaag ons daarin om ons koolstofspoor te neutraliseer en deurgaans daarna te streef om nul-vrystellings te bereik.

KONTAKBESONDERHEDE

Omnibus Engineering:
www.omnibussolar.com,tholm@omnibussolar.com,hholm@omnibussolar.com
DOH Hardware (Brits):
Jaco van der Colff, 0826031756
JoJo Tanks:
Sifiso Ngobeni (011) 325 6006 of office1@rgcom.co.za

JoJo Tanks
If it doesn't say JoJo on the outside, it's not JoJo

OMNIBUS ENGINEERING

DOH Hardeware & Bou Hardware Build